IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(WES-KAAP HOË-HOF, KAAPSTAD)

SAAKNOMMER: SS77/2003

DATUM: 26 MAART 2003

In die saak tussen:

DIE STAAT

en

SHAUN DE JONGH

---

## V O N N I S

BLIGNAULT, R:

Die beskuldigde is in die streekhof te Parow aangekla op vyf aanklagte, naamlik dat hy op 15 Julie 2000 te Netreg stasie die volgende misdade gepleeg het:

1. Roof met verswarende omstandighede gepleeg deurdat hy Janine Napoleon en Raymond Napoleon met 'n vuurwapen gedreig

het en R200,00 kontant, juweliersware, handsak, beursie, R60,00 kontant en Adidas hardloopskoene van hulle gesteel het.

2. Onwettige besit van 'n vuurwapen;
3. Die verkragting van Janine Napoleon;
4. Die aanranding van Janine Napoleon deur haar met die vuis te slaan en die vuurwapen op haar te rig; en
5. die onsedelike aanranding van Janine Napoleon.

Die beskuldigde het onskuldig gepleit op al die aanklagte. Hy was deur 'n prokureur verteenwoordig. In sy pleitverduideliking het hy gesê dat hy vanaf Februarie 2000 tot 20 Junie 2000 op 'n ander aanklag aangehou was, met ander woorde 'n alibi.

Janine Napoleon het getuig dat sy 24 jaar was en te Bonteheuwel gewoon het. Op 15 Julie 2000 was sy vroeg die oggend, ongeveer vyfuur, per trein vanaf Kaapstad op pad terug huis toe nadat sy die nag gewerk het. Haar oom was saam met haar. Hulle het by Netreg stasie afgeklim en met die brug oor die spoor geloop.

'n Klompie jong ouens het by hulle verbygehardloop met beskuldigde heel voor. Beskuldigde het omgedraai en haar voor die bors gegryp. Hy het 'n vuurwapen op haar gerig en hy het haar handsak en baadjie gegryp. Van die ander jongens het begin om haar oom te slaan.

Beskuldigde het begin om haar broek los te maak en haar na die wagkamer te trek. Hy het haar broek afgetrek en gesê dat sy op die grond moet lê. Een van hulle het haar "overall" op die grond gegooi sodat sy daarop kon lê. Beskuldigde het haar weer met die vuurwapen gedreig en toe bo-op haar geklim. Hy het haar verkrag. Van die ander jongens het op haar gemasturbeer en aan haar anus gevat. Hulle was almal so ongeveer 20 jaar oud. Beskuldigde het haar ook met die vuis geslaan. Altesaam ses van die jongens het haar verkrag.

Toe hulle weghardloop het sy haar klere gegryp en ook gehardloop. Haar oom het met 'n bakkie nader gekom en haar opgelaai. Hulle is toe na die polisie en daarna na 'n dokter. Sy het getuig dat haar vagina en anus seer was. Sy kon vir 'n week nie werk nie en het pyn gehad vir ongeveer twee weke.

By die polisiestasie het speurder Brown vir haar 'n album met foto's getoon. Sy het beskuldigde aan sy foto herken. Brown

het daarna die album geneem en 'n foto op 'n ander plek geplaas. Dit is weer aan haar getoon en sy het die foto weer uitgeken. 'n Week later was sy by die polisiestasie in die wagkamer toe Brown met die beskuldigde daar aangekom het. Sy het hom dadelik herken.

Sy het verder getuig dat haar agt jaar lange verhouding met die vader van haar kind as gevolg van hierdie insident opgebreek het.

Raymond Napoleon is Janine se oom. Hy was saam met haar op die trein en hulle het saam afgeklim by Netreg stasie. 'n Groep mans het na hulle toe aangekom. Beskuldigde het met 'n vuurwapen na hom gekom en sy handsak en rugsak gevat. Daar was altesaam tien mans, vier van hulle het vuurwapens gehad. Hulle het Janine voor hom verkrag. Hulle het sy selfoon en R300 en kleingeld geneem. Toe sommige van hulle weg beweeg het, het hy weggehardloop. Hy het 'n voertuig gestop en teruggegaan om Janine te kry. Daarna is hulle polisiestasie toe. Hy self het gesig- en maagbeserings opgedoen. Hy het later 'n operasie daarvoor gehad.

Hy het beskuldigde aan sy foto in 'n fotoalbum wat by die polisiestasie aan hom getoon is, herken. Hy het ook later vir beskuldigde by die polisiestasie uitgeken.

Inspekteur Deon Brown het ook getuig. Hy het Janine en haar oom se klagtes by die polisiestasie hanteer. Hy het bevestig dat beide van hulle die beskuldigde se foto in die fotoalbum uitgeken het. Hy self het beskuldigde opgespoor en gevind dat hy perfek inpas by die beskrywing wat mnr Napoleon aan hom verskaf het, naamlik 16 jaar oud, 1,67 meter lank, lig van kleur, skraal, voorste vier tande uit en 'n jeugdige hees stem. Hy het hom toe gearresteer. Beide Janine en haar oom het beskuldigde later uitgeken.

Beskuldigde het ook getuig. Hy het alle kennis van die voorval ontken, maar hy kon nie waar hy die betrokke oggend was nie.

Die Staat het sekere rekords met toestemming van die beskuldigde ingehandig waaruit dit blyk, onder meer, dat hy op 'n aanklag van gewapende roof in hegtenis geneem is maar dat dit reeds op 4 Mei 2000 teruggetrek is.

Die streeklanddros het in sy uitspraak die getuienis behandel en onder meer bevind dat beskuldigde hom nie as 'n geloofwaardige getuie beïndruk het nie. Die klaagster en haar oom daarenteen was, volgens hom, indrukwekkende getuies.

Wat die tweede aanklag betref, het hy bevind dat dit nie bewys is dat die betrokke vuurwapen kon vuur nie. Hy het beskuldigde gevolglik onskuldig bevind op hierdie aanklag. Op die ander vier aanklagte het hy hom egter skuldig bevind, soos aangekla.

Die streeklanddros het beskuldigde daarna na hierdie Hof verwys vir vonnis in terme van die bepalings van artikel 52 van die Strafregwysigingswet, 105 van 1997 ("die Wet").

In die onlangse beslissing van S v B 2003() SASV 52 (HHA) is verduidelik dat die verhoor van 'n beskuldigde wat in die streekhof begin en dan ingevolge artikel 52 voormeld na die Hooggeregshof verwys word, eiesoortig van aard is en behels dat die Hooggeregshof die skuldigbevinding moet bekragtig, voordat dit kan voortgaan om die beskuldigde te vonnis, anders moet die skuldigbevindings tersyde gestel word.

In die huidige geval het ek aanvaar dat ek dieselfde moet doen met betrekking tot die beskuldigde se skuldigbevindings op die aanklagte anders as die verkragting, alhoewel nie een van hulle streng gesproke onder die bepalings van die Wet val nie, maar omdat dit noodsaaklik is ten einde hom by een geleentheid op al die aanklagte te vonnis.

Nadat ek die advokate aangehoor het, het ek die skuldigbevindings op klagte 1 (roof) en 3 (verkragting) bekragtig. Die skuldigbevindings op aanklag 4 (aanranding en aanklag 5 (onsedelike aanranding) het ek tersyde gestel. Die aanranding op die klaagster het, na my oordeel, deel gevorm van die verkragting wat die voorwerp van aanklag 3 was en dit het 'n gevaar van duplikasie van klagtes ingehou. Wat aanklag 5 betref, is daar nie bewys dat die beskuldigde self deelgeneem het aan die onsedelike aanranding nie.

Wat beskuldigde se deelname aan aanklagte 1 en 3 betref, is ek tevrede dat die skuldigbevindings wel ooreenkomstig die reg geskied het. Die klaagster en die klaer is beide geloofwaardig bevind en hulle getuienis aangaande die identifikasie van die beskuldigde is beslis gewigtig. Afgesien van die landdros se negatiewe bevindings betreffende die beskuldigde, het hy self met 'n valse alibi oor sy aanhouding sy eie geloofwaardigheid in gedrang gebring. Ek het derhalwe geen probleem ondervind om die skuldigbevindings op die aanklagte van roof en verkragting te bekragtig nie.

Die vraag het vervolgens ontstaan of dit regverdig sou wees om die beskuldigde te vonnis ingevolge artikel 51, gelees met artikel 52 van die Wet, in die lig daarvan dat hy nie aangekla is spesifiek van enige van die misdrywe, soos dit uiteengesit

word in Deel I van Bylae 2 tot die Wet nie; dat ook nie enige waarskuwing in dié verband aan hom gerig is betreffende die moontlike toepassing van hierdie statutêre bepalings nie en die streeklanddros ook nie voor of na die skuldigbevinding van die beskuldigde enige bevindings gemaak het dat die misdryf daaronder val nie.

Artikel 51(1) van die Wet bepaal soos volg:

> "Waar 'n persoon kragtens artikel 52(1) na hierdie Hof verwys word, nadat die betrokke persoon skuldig bevind is aan 'n misdryf in Deel 1 van Bylae 2 van die Wet bedoel, die persoon tot lewenslange gevangenisstraf gevonnis moet word."

Dit is dus essensieel vir hierdie doeleindes dat hy aan 'n misdryf in Deel I van Bylae 2 bedoel, skuldig bevind is.

Die relevante bepalings van Deel 1 van Bylae 2 tot die Wet onder die opskrif "Verkragting" is die volgende:

> "(a) Wanneer gepleeg –
>
> (i) in omstandighede waar die slagoffer meer as keer deur hetsy die

beskuldigde of 'n mededader of 'n medepligtige verkrag is;

(ii) Deur meer as een persoon waar sodanige persone in die uitvoering of ter bevordering van 'n gemeenskaplike doel of sameswering gehandel het."

Mnr van der Vyfer het namens die Staat verskyn. Hy het betoog dat die getuienis in die saak aantoon dat die klaagster meer as een keer verkrag is, naamlik deur die beskuldigde en een of meer mededaders, soos bedoel in paragraaf (a)(i) van die bogenoemde beskrywing. Alternatiewelik, het hy betoog is sy deur meer as een persoon verkrag wat in die uitvoering of ter bevordering van 'n gemeenskaplike doel gehandel het, soos bedoel in paragraaf (a)(ii).

Die toepassing van beide die begrippe "mededader" en "gemeenskaplike doel" is problematies in die huidige konteks. Mededaderskap dui gewoonlik op die situasie waar twee of meer persone saam dieselfde misdaad pleeg. (Sien Snyman, STRAFREG, 3de Uitgawe, bladsy 277.) Dit is nie duidelik vir my hoe daardie begrip op die misdryf van verkragting toegepas kan word nie, aangesien dit fisies min of meer onmoontlik is vir twee persone om dieselfde misdryf gelyktydig te pleeg.

Die leerstuk van gemeenskaplike oogmerk of gemeenskaplike doel is ook nie maklik om toe te pas in die onderhawige konteks nie. Die blote feit dat meer as een persoon vanuit dieselfde groep 'n vrou verkrag, is nie sonder meer bewys van 'n gemeenskaplike oogmerk, soos die begrip in ons Strafreg bekend is nie. Elkeen van die daders kon, onafhanklik van die ander, bloot sy verkragtingsdaad verrig het. Ek wil nie hierdeur voorgee dat dit is wat in hierdie geval gebeur het nie. Wat ek wil beklemtoon is die belangrikheid dat 'n beskuldigde, wat bloot staan aan die gevaar dat hierdie bepalings teen hom in werking gestel kan word, met die geweldige implikasie betreffende vonnis dat hy behoorlik daarvan gewaarsku moet word ten einde 'n billike verhoor te verseker. In S v LEGOA 2003(1) SASV 13 (HHA) het die Hof analoë behandel – dit het daar oor bepalings gegaan – maar die belangrike beginsels neergelê word gevind in para [20] en [21] van die uitspraak. Ek gaan dit nie volledig aanhaal nie, net daarop wys dat die Hof by monde van CAMERON, R bevestig het dat dit van wesenlike belang is dat die beskuldigde 'n regverdige verhoor moet geniet. Dit is wat die Grondwet ook vir hom waarborg. Een van sy besondere regte is om ingelig te word oor die aanklagte teen hom met voldoende detail om daarop te antwoord.

Hy wys verder daarop dat die kwessie een is van substansie en vorm en dat daar nie 'n algemene reël neergelê kan word dat die besonderhede in die klagstaat verskaf moet word nie. Dit kan op ander wyses ook geskied, byvoorbeeld, deur verskaffing van verdere besonderhede of deur 'n opsomming van wesenlike feite. Aan die einde van die dag klaarblyklik moet elke geval op eie meriete beoordeel word.

Na my oordeel, geld die beginsel wat hier neergelê is ook in die onderhawige geval. Mnr Van der Vyfer het 'n onderskeid aan die hand gedoen tussen statutêre misdrywe en gemeenregtelike misdryf, soos ons hier mee te doen het. Na my mening is daar nie relevansie in daardie onderskeid nie, die effek steeds van die toepassing van die betrokke statutêre bepalings is dat 'n minimum vonnis van lewenslange gevangenisstraf oor die beskuldigde se hoof hang en in hierdie geval is hy nie in die klagstaat of in enige ander waarskuwing of in enige ander bevinding gewaarsku dat dit is wat kon gebeur nie, inderdaad, soos blyk uit my bespreking hierbo, ons weet vandag nog nie – die Hof en die advokate weet vandag nog nie wat presies was die basis waarop die hierdie saak hiernatoe verwys is nie en dit is nie goed genoeg, met respek, om na verskillende alternatiewe te wys wat almal moontlik aanwending kan vind nie.

Mnr Van der Vyfer het ook betoog dat die beskuldigde nie benadeel is nie omdat sy verweer in elk geval 'n alibi was. Ek stem nie saam met hierdie betoog nie, indien die Staat dit reg van die begin af duidelik gemaak het op welke bepaling dit steun, dan sou die beskuldigde se prokureur moontlik met sy kruisverhoor kon gedoen het dat die persoon wat as dader uitgeken is, met ander woorde die persoon wat die getuies uitgeken het, nie binne die kader van bogenoemde bepalings geval het nie. Na my oordeel, in die toepassing van die beslissing in S v LEGOA, supra, moet die beskuldigde in hierdie geval dus sonder die toepassing en inagneming van die bepalings van artikel 51 en 52 van die Wet gevonnis word.

Die saak is natuurlik na hierdie Hof gestuur juis op die veronderstelling dat artikel 51 geld. Beide advokate was dit egter eens dat ek desnietemin die verdere getuienis relevant tot vonnis kon aanhoor en kon voortgaan om die beskuldigde te vonnis.

Mnr Van der Vyfer het die beskuldigde se identiteitsdokument ingehandig waaruit dit blyk dat hy op 18 Februarie 1982 gebore is. Hy was dus 18 jaar oud ten tyde van die misdaad. Hy het ook me Charmain Brown, 'n maatskaplike werker, geroep om te getuig. Sy het aan die hand van 'n verslag, gedateer 26 November 2002, aangaande die klaagster en die

effek van die verkragting op haar getuig. Ek verwys na sekere gedeeltes daarvan.

Dit blyk dat die klaagster by haar moeder woon wat 49 jaar oud is en 'n huisvrou. Haar vader is oorlede toe sy net nege jaar oud was en die moeder was dus verantwoordelik vir die onderhoud van die kinders. Janine is die derde van vier kinders. Sy is gebore op 7 Februarie 1977. Dit blyk dat sy met 'n persoon, Anwar Jacobs, in 'n saamleefverhouding betrokke was en hy is die vader van haar vierjarige dogter, Farosa. Hierdie verhouding het egter geëindig as gevolg van die verkragting. Dit blyk dat die vader nie hierdie gebeure kon hanteer nie en het haar daarna nie meer vertrou nie. Die klaagster is tans sewe maande werksaam by HB Cutters in Soutrivier. Sy het tot tydens die verkragting by Berco Cleaning Company gewerk maar kon daarna nie weer wegskof werk nie, uit vrees dat sy verkrag sou word.

Me Brown het toe verwys na verdere simptome van seksuele getraumatiseerde kinders wat by die klaagster aanwesig is. Sy word steeds emosioneel as sy oor die gebeure dink of gesels. Haar slaappatroon het na die aflegging van getuienis genormaliseer, maar sy kry nog steeds terugflitse van die gebeure. Sy het begin om alkohol te gebruik om van die emosionele pyn te ontsnap en onlangs ook, vir dieselfde doel,

Ecstacy tablette. Die maatskaplike werkster wend pogings aan om hierdie moontlike verslawing aan hierdie middels te vermy.

Daar is ander maniere wat haar daaglikse lewe ontwrig is. Sy het haar, byvoorbeeld, van sekere seksuele handelinge onttrek en sy kan nie haar dogter met haar vader of kêrel vertrou nie, uit vrees dat sy verkrag sou word. Sy ondervind ook gedurig pyn, emosionele pyn wanneer sy in die media of andersins hoor van verkragtings. Dit blyk dat sy nog nie terapeutiese hulp bekom het nie, maar sy is gemotiveerd vir terapie en die maatskaplike werkster sal haar in dié verband bystaan.

Die evaluasie van die maatskaplike werkster lees soos volg:

> "Ten spyte dat die klaagster 'n volwasse dame was ten tyde van die voorval, is 'n groot mate van trauma nog aanwesig. Gelet aan die feit dat sy nou uiters gevaarlike dwelms gebruik en blyk dit duidelik dat sy die insident uit die geheue uit wil blokkeer. Groot emosionele skade is berokken en is haar vertrouensverhouding in veral in manspersone geskaad. In die lig hiervan blyk dit duidelik dat die klaagster erg emosionele en sielkundige probleme in die toekoms kan hê indien sy aan enige spanningsvolle situasies blootgestel word."

Dit was die enigste getuienis in hierdie hof vir die Staat.

Mnr Van Wyk, wat namens die beskuldigde opgetree het, het die moeder van die beskuldigde en daarna die beskuldigde self geroep om te getuig. Sy moeder het getuig dat hy st.6 uit die skool is. Sy het vyf kinders in die huis gehad. Hulle almal het gewoon in 'n hokkie in iemand anders se agterplaas in Valhalla Park. Beskuldigde het geld verdien deur voertuie te help om te parkeer. Hy het van sy geld aan haar gegee om in die huis te gebruik. Sy het getuig dat daar baie geweld en misdade in die omgewing is waar sy woon. Beskuldigde is in die algemeen stil van geaardheid en het nooit in die huis moeilikheid gemaak nie. Beskuldigde self het kortliks getuig en in die breë hierdie getuienis oor hom bevestig. Hy het egter te kenne gegee in kruisondervraging dat hy steeds volhard met sy verweer dat hy glad nie betrokke was by die gebeure nie.

Mnr Van der Vyfer het betoog dat die omstandighede waarin die misdryf gepleeg is, dit 'n uiters ernstige misdryf maak. Dit het langtermyn effekte op die klaagster en sal steeds hê. Hy het ook beklemtoon dat die veiligheid van passasiers in treine en by stasies 'n geweldige probleem in ons gemeenskap geword het. Hy het verder daarop gewys dat die beskuldigde

geen berou toon nie. Hy het selfs die Hof met sy ouderdom probeer mislei. In die verband verwys mnr Van der Vyfer dat daar gister toe die saak 'n aanvang geneem is, 'n aanduiding was dat die beskuldigde sou beweer dat hy onder 18 jaar oud was toe die misdryf gepleeg is.

Mnr Van Wyk het aan die ander kant beklemtoon dat die beskuldigde in 'n benadeelde sosio-ekonomiese omstandighede grootgeword het. Hy is nog jonk en kan steeds gerehabiliteer word. Hy het ook daarop gewys dat beskuldigde sedert sy arrestasie in Augustus 2000 in hegtenis was.

Ek het die faktore wat die advokate genoem het, versigtig oorweeg. Die misdade en die gevolge daarvan was klaarblyklik ernstig van aard. Die feite spreek vanself en dit is nie nodig om dit weer te herhaal nie. Die faktore in die beskuldigde se guns, naamlik sy jeugdigheid, die benadeelde omgewing waarin hy grootgeword het en die feit dat hy al ongeveer twee en 'n half jaar in aanhouding was, moet egter ook in aanmerking geneem word. Ek is van voorneme om die twee aanklagte, naamlik die roof en die verkragting, saam te neem vir doeleindes van vonnis. Albei spruit voort uit wesenlik dieselfde gebeure.

Na my oordeel is 'n gepaste vonnis, wat ek hiermee oplê, op die aanklagte van roof en verkragting, saamgeneem vir doeleindes van vonnis, GEVANGENISSTRAF VIR 'n TYDPERK VAN TWAALF (12) JAAR.

BLIGNAULT, R